DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**5 Februarie 2023**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus16: 13 - 28 |
| **Tema** | Wat kos dit om 'n volgeling van Jesus te wees? |
| **Sang** | Psalm 145: 1, 5, 11<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Skrifberyming 9-3: 1, 2<br>Skrifberyming 4-2: 1, 4<br>Psalm 84: 4, 6 |

Is 'n Christen iemand wat Jesus as Verlosser aanvaar en nou weet jy jy sal die ewige lewe ontvang en jy is lidmaat van die kerk van die Here. Dissipels is dan ernstiger Christene wat aktief is in die uitoefening van geestelike dissiplines soos vas, gebed en ander mense evangeliseer en oplei. Die Bybel maak nooit hierdie onderskeid nie. Elke Christen is veronderstel om 'n dissipel van Jesus te wees. Christenskap werk nie soos Coke nie - daar is nie die standaard opsie en die light opsie en die zero opsie nie.

Daarom is die eerste term: Kruisdra. Die kruis was simbool van die dood en lyding. Hoor mooi - jy moet joú kruis opneem - nie die van ander mense nie. Ek word as dissipel van Jesus verander van iemand wat net in belang van myself dink en optree, na iemand wat dink en optree in die belang van my medemens.

Die Heilige Gees het met krag daardie eie – ek weggeskiet en iets anders in die plek daarvan geplaas. Jesus het die kruis gedra nie ter wille van Homself nie, maar ter wille van mense, ander mense. Hy het gesterf om die las van ons sonde en verlorenheid en ons gebreekte verhouding met God op Hom te neem.

Die tweede term is jouself verloën: Selfverloëning word baie maklik beskou as ontrekking van die wêreld en mense om my, sodat ek meer heilig kan wees. Of dit is die opgee van alles wat vir my lekker of goed of mooi is, sodat ek meer heilig of nader aan God kan voel. Jesus bedoel die afgee of opoffer van sekere dinge soos my eie wil en beheer en agenda vir my lewe, maar dis ook die opneem van ander dinge. Dit is die afgee van my tyd, gemak, gawes, talente en middele om ander mense te dien. Dit is die opneem van Jesus se waardes vir my lewe: die vrug van die Gees soos liefde en vrede en geduld beskryf die waardes. Jouself verloën is om hierdie gesindheid van in alles vra wat ek hieruit kry, deur die krag van God se Gees te laat verander na hoe ek iemand tydens my lewe kan dien of seën. Die Gees wil dieselfde gesindheid wat ook in Jesus Christus was, in elke dissipel van Hom na vore laat kom.

Die eenvoudige Bybelse waarheid agter tekste soos Johannes 3:16 is dat ons God 'n God is wat nie kan verbystap by nood, seerkry, ellende en wanhoop nie. Hy kan nie Sy oë daarvoor sluit nie al kos dit Hom ook pyn, lyding en die dood. In Jesus het Hy dit so duidelik vir ons kom wys.

Wie Jesus se dissipel is, weet dat die lewe maar daarom nie gaan oor plesier of prestasies of geld nie. Die groot vraag is of ons bereid is om om te gee vir mense in nood soos Jesus dit gedoen het. As ons dit nie wil doen nie, moet ek en jy vra of ons werklik dissipels van Jesus is.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Theuns Botha wat weer behandeling in Pretoria ontvang. Hy kry weer erge hoofpyne van die kanker op die brein. Sterkte Annetjie en familie in die tyd.
* Theyman Jongbloed gaan vir die derde breinoperasie. Ons bid vir jou, Simoné en familie en ons glo die dokter kan die res van die gewas verwyder. Sterkte vir julle gesin en familie.
* Tialeen Venter besoek Maandag die dokter in Pretoria om te sien hoe die herstel verloop. Ons bid vir jou.
* Marie Seegers was vir behandeling in Pretoria. Ons bid saam dat jy sal beter voel.
* Tannie Sheila Cloete was die afgelope week in Mediclinic. Ons bid die Here se bystand vir haar en oom Jan.
* Nantes se kleinseun het Vrydag 'n operasie ondergaan om die regter ogie te herstel na die slang pik. Ons bid saam dat hy vinnig sal genees en beter sal voel.
* Ons dra almal wat herstel na behandeling aan die Here op. Mag Hy julle in die geloof versterk om die pad saam met Hom te loop.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 5 Feb 2023

**Diensbeurt: Wyk 6**
**Ouderling: Kobus Coetzee**

**Katkisasie: Les 3**
**Diaken: Matthew Llewellyn**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**5 Februarie 2023**
Lynn-Marie Combrink
Annemie De Klerk
Betsie De Witt
Annemarie Du PLessis

**12 Februarie 2023**
Heleen Du Plessis
Alwina Eilers
Sandra Eloff
Tilla Engelbrecht

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 7 Feb 2023 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 8 Feb 2023 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




***Verjaarsdae***

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 5 Feb | Rienie Osthuizen<br>Esther Borman<br>Leoné Oosthuizen<br>Jané De Witt | 60<br>50<br>35<br>18 | B<br>B<br>B<br>B | 082 676 3235<br>082 963 9239<br>083 779 5395<br>084 209 4220 |
| Di 7 Feb | Cassie Carstens<br>Henno vd Walt | 67<br>47 | B<br>B | 081 354 3400<br>079 083 1932 |
| Do 9 Feb | Johanno v Walt<br>Xander Weidemann | 28<br>6 | B<br>D | 084 503 9434<br>082 610 0623 |
| Sa 11 Feb | Nadia Kotze<br>Daniël Snyman | 38<br>8 | B<br>D | 082 398 0114<br>079 500 3458 |

**Huweliksherdenkings**

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Wo) 8 Feb 1969 | Louis & Gerda Marx | 54 | 079 510 88209<br>072 620 3404 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Prys die Here!**
**Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!**

**Psalm 106: 1**

## AGAPE OMGEE GROEP


Dit is ‘n realiteit dat in vandag se samelewing **mense vereensaam en smag na geselskap en omgang met ander mense**, en om hierdie rede **het ons ‘n groep gestig om mense te besoek en by te staan wat afgesonder of eensaam voel, agv ouderdom/ siekte/ander omstandighede.**



Enige **lidmaat(van alle ouderdomme) wat geroepe voel** om deel van die groep te wees word versoek om **Koemi vd Walt(082 459 3832) te kontak.** Jy sal dan ingedeel word by 'n hoeveelheid besoek punte (van jou keuse).

**Ook doen ons beroep op lidmate wat besoek wil word, of lidmate wat kennis dra van sulke mense, om ook vir Koemi te kontak.**

## KOM KUIER SAAM




## WIE IS ONS?

Ons is Christene uit die Protestante kerke

Ons missie is om die senior jeug in Pietersburg bymekaar te kry en saam ons jeug te geniet

Almal van 18 tot 35 jaar is welkom, getroud of nie getroud, bring selfs vriend of vriendin saam

## WAT GAAN ONS DOEN?

Ons begin met 'n kenmekaar. Ons gaan in die klein wildtuin stap dan daarna om 'n kampvuur sit en kuier

Ons stig 'n whatsapp groep vir verdere reëlings, so kom gerus saam en laat weet as jy wil saam kuier

Vriendelike groete aan al ons broers en susters in die geloof in Jesus Christus

## KONTAK GERUS

Roelof Venter 071 149 5967

## TROKBEDIENING




Dit is ons gebed dat hierdie nuwe jaar in elke opsig, soos in gebed voor ons Hemelse Vader vir u en die Gemeente; tot groot seën sal wees te midde die uitdagings wat daarmee saam kom. Mag u net Sy goedheid en guns beleef waar die Gemeente binne Sy wil beweeg soos Psalm 23:6 ons leer.
Graag wil SATM die gemeente langs hierdie weg bedank vir hul bydrae tot die bediening van die Evangelie van Jesus Christus aan die Transport Industrie oor die afgelope jaar.
Vir meer inligting t.o.v die ondersteuning oor die afgelope jaar kan lidmate die nuusbrief agter in die portaal lees rakende hul werksaamhede vir die afgelope jaar.

## OMGEE KLANKBORD : TIENERS & OUERS

Soms het jy 'n oor nodig van iemand wat luister en bietjie meer opgelei is om saam met jou moeilike uitdagings te bespreek. Dalk is jy ‘n tiener wat graag met 'n tannie wil gesels oor goed wat jou pla.



As jy 'n behoefte het om met iemand te gesels of bemoediging nodig het is jy welkom om vir Marlene Hoogendyk te skakel of te WhatsApp by 083 648 5397. Sy is 'n lid van ons gemeente en berader.

# BASUIN PLASINGS




Wil jy gewig verloor, op 'n natuurlike wyse ! Skakel Marelie Fick op 078 446 2165 vir meer inligting.




As jy lekker biltong of droewors wil koop, skakel dan vir Marelie vir prysse.

# SILWERDOPPERS

**Ons volgende byeenkoms is Woensdag 15 Februarie.**

Ons gaan weer piekniek hou te Nylsvley. **Onthou eie eet- en drinkgoed en jou eie stoel asb.**




Ons vertrek **8 uur die oggend vanaf die kerk.**

Skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 as jy saamry geleentheid soek, selfs vanaf die huis.

# SUSTERSSAAMTREK 2023

Die susters van die

**Gereformeerde Kerk Pietersburg**

nooi u hartlik uit na

die jaarlikse

## Sustersaamtrek 2023

te Polokwane

### "Om weer op te staan"

**SPREKER:** Dr Gustav Gous

**DATUM:** Saterdag – 11 Maart 2023

**REGISTRASIE:** 8:00 – 8:50

**PLEK:** Bolivia Lodge
Northview Estate – Libertystraat 15 – Northview – Polokwane

**KOSTE:** R150 p.p.


**RSVP: Voor of op Maandag, 13 Februarie 2023**
Geld betaalbaar voor of op Woensdag, 1 Maart 2023

**NAVRAE:** Sr. Nelie Badenhorst
074 663 5377

*Bring asseblief kontant saam vir die jaarlikse kollekte wat opgeneem sal word vir die Vroueblad, Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) en Bybelverspreiding.*

# SUSTERSSAAMTREK VOORBEREIDING

**BROERS die susters sal op Saterdag 18 Februarie 2023 om 09:00 begin met die voorbereiding vir die Susterssaamtrek** wat hier by ons deur die susters aangebied sal word. **Kom ons manne kuier saam vanaf 12:00 om 'n braaivleis vuur soos net ons manne kan**, terwyl die susters besig is met die voorbereiding , **verras hulle met 'n worsbroodjie vir middag ete. Susters wat kom help met die voorbereiding en die broers wat saam gaan kuier sit asb julle name op die lyste agter in die portaal. Baie dankie aan almal wat kom help.**



# LAPSAK PROJEK

**Die diakonie gaan met 'n "lapsak" projek begin** om op die wyse ons kos kaste aan te vul. **Leë sakke sal elke Sondag agter in die portaal beskikbaar wees met 'n wens lysie op. Lidmate kan dan 'n sak neem wat hy/sy dan kan vul met die wens lys benodighede in**, en bring dan net die sak die volgende Sondag terug en **plaas dit dan in 'n krat wat voorsien sal word.** Die diakonie bedank almal vir hulle hulp en samewerking.



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Ps 23 gee groot geleentheid om op ‘n eenvoudige manier van die soekend mens na God te Lei.**

**Geloof: Die Here is my herder (iemand wat twyfel lei hom na die Here)**

**Sekerheid: Niks sal my ontbreek nie (waar word sekerheid gesoek)**



## Ps 23

**Tevredenheid: Hy laat my neerlê in groen weivelde**

**Rus en Vrede: Na waters waar rus is, lei Hy my heen**

**(iemand wat heeltyd jaag en soek na meer)**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Praat saam....

**Kom ons word 'n biddende gemeente, wie vir mekaar en ander bid.**

- **Maak 'n gewoonte om vir spesifieke mense te bid, jy kan selfs 'n leisie maak van persone en hul nood.**



# Praat saam....

**1Joh 5:14**
**En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigeiets volgends Sy wil vra.**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor**<br>Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

***Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: "As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.***

***Matteus 16: 24***



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**